
Kom Terug
Deur Marius Hattingh

KENNISGEWINGS

"Skrifaanhalings gemerk NLV is geneem uit die Nuwe Lewende Vertaling © 2006. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930. Alle regte voorbehou."

©Kopiereg: Therismos Bedieninge (SA). Alle Regte Word Voorgehou.

VOORWOORD

Die Boodskap in hierdie publikasie gaan oor die Hart van GOD en Jesus om daaglikse verhoudings met ons as sy kinders te kan hê.  Of dinge goed of sleg gaan, bly GOD se arms oop vir sy kinders.

Die gebed is dat die boodskap ontvang sal word.

© Therismos Bedieninge (SA)

## SPESIALE ONTMOETING

Ons het almal op een of ander plek in ons lewens met GOD en die Here Jesus Christus se genade kontak of kennis gemaak. Dit kon wees deur ‘n kerk diens, deur iemand wat oor die Here praat of soveel ander maniere wat daar is.

In sekere gevalle kan dit ook wees dat mense hul harte vir die Here gegee het, deur die geleenthede.

Daardie geleentheid wat ons vir die Here gegee het, was en bly vir Jesus en die Vader spesiaal.

© Therismos Bedieninge (SA)

Ons kon dit dalk nie besef het nie, maar dit was en bly spesiaal, omdat die Hemelse Vader danksy die Here Jesus Christus se kosbare prys aan die kruis dit vir ons moontlik gemaak het

Joh. 3:16-17

16 “God het die mensdom só liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

17 God het immers nie die Seun na die mensewêreld toe gestuur om die mense te veroordeel nie, maar sodat die mense deur Hom verlos kan word. (NLV)

© Therismos Bedieninge (SA)

Die skrif is aan baie bekend, en is moontlik al deur baie mense gehoor.

Dit was ook ‘n eenmalige prys wat Jesus Christus vir ons sondes betaal het, maar dit bly ‘n prys en offer wat vir altyd deur God die Vader onthou sal word.

Heb. 10:14-17

14 Deur sy een offer het Hy al sy mense vir altyd volmaak geheilig.
15 Die Heilige Gees bevestig dit vir ons wanneer Hy in die eerste plek verklaar:

© Therismos Bedieninge (SA)

16 “Dít is nou die verbond wat Ek hierna met die volk Israel gaan
sluit, verklaar die Here: Ek sal my opdragte inskryf in hulle
harte en Ek sal dit in hulle verstand graveer.”

17 Dan voeg Hy daarby: “Ek sal aan hulle sondes en hulle
oortredings nooit weer dink nie.” (NLV)

© Therismos Bedieninge (SA)

## DINGE GEBEUR

Ons het nodig om te onthou wat die Here vir ons gedoen het, want ons lewens gaan aan, en staan nie stil nie.

Ongelukkig soos ons lewens aangaan, kom uitdagings ook elke dag. Daardie uitdagings kan ‘n persoon ook ver van koer af dryf, as beheer nie toegepas word nie.

© Therismos Bedieninge (SA)

## GEVOLGE EN WAT NOU?

Wanneer dinge gebeur, is dit so maklik om enige vorm van hoop te verloor, en enige iets wat van waarde was te laat gaan.

Ongelukkig kan ons verhoudings met die Here ook as gevolg van die daaglikse stress en druk want ons ondervind daaronder ly.

Druk en uitdagings kan en is geneig om te veroorsaak dat ons net aangaan met ons lewens om kop bo water te probeer hou, want dit voel natuurlik nodig om dit te doen.

© Therismos Bedieninge (SA)

Ons kan aangaan met ons lewens en ons verhouding met God en Jesus heeltemal vergeet.

Ons kan aangaan op ons eie tot en met ons op‘n plek kom waar ons hulp nodig het, wat die werêld of niemand anders kan gee nie.

Wat maak ons dan? Kan ons na die Here toe teruggaan na ’n moontlike lang tyd?

Die antwoord? Ja ons kan.

© Therismos Bedieninge (SA)

## WAT OM TE DOEN

Wanneer ons op die plek gekom het, waar ons die Here wil nader, maar voel om eerder weg te hardloop of om weg te kruip, moet die Here Jesus se uitnodiging aan ons onthou word.

Matt. 11:28-30

28"Kom na My toe, julle almal wat moeg is en swaar laste moet dra, en Ek sal julle lewens verkwik.

© Therismos Bedieninge (SA)

29 Neem my juk op julle skouers. Kom leer van My, want Ek is sag en nederig van hart, en julle sal rus en nuwe moed vir julle lewe kry.

30 Want my juk sal sag op julle skouers rus en my las is lig om te dra.” (NLV)

Wat ons deel aanbetref, moet ons die moeite doen, om tussen ons besige skedules weer tyd te maak vir die Here.

Die Here maak dit duidelik dat ons moet <u>leer</u> van Hom. Ons moet leer om die Woord van God in alle areas van ons daaglikese lewens weer toe te pas, asook deur gebed.

© Therismos Bedieninge (SA)

Dit is ook belangrik om te besef dat geloof sonder dade is dood

Jakobus 2:26

26 ’n Liggaam wat nie asemhaal nie, is ’n lyk. So is geloof wat nie dade word nie, ook dood. (NLV)

© Therismos Bedieninge (SA)

DOEN MOEITE

Stof die verhouding en die plek wat die Here vantevore gehad het af, en maak daardie verhouding weer spesiaal. En onthou al maak ons foute deur dinge reg te wil maak, Sy genade is nuut elke dag.

Klaagliedere 3:22-23

22 Deur die Here se troue liefde is ons nie doodgemaak nie. Hy hou nooit op om vir ons om te gee nie. Sy genade het geen einde nie.

23 Op u ontferming kan ’n mens altyd vertrou. Dit is elke oggend nuut. (NLV)

© Therismos Bedieninge (SA)

## AS DAAR GEEN VERHOUDING MET DIE VADER EN MET JESUS CHRISTUS IS NIE

As hierdie boodskap gelees is, en het nog nooit 'n verhouding met die Here Jesus Christus gehad nie. Kan U die volgende gebed bid.

Hemelse Vader Ek kom na U toe in die naam van U liefdevolle Seun Jesus Christus.  U Woord bevestig  dat elkeen wat U naam aanroep sal gered word (Handelinge 2:21)

U Woord bevestig ook dat Elkeen wat glo en bely dat Jesus Die Here is, en dat U Hom uit die dood uit laat opstaan het, sal gered word (Romeine 10:9)

© Therismos Bedieninge (SA)

Ek Dank U vir U woord en glo dat Jesus die Here is, en ek glo met my hele hart dat U Hom uit die dood uit laat opstaan het.

Here Jesus, ek vra dat U in my lewe sal inkom en dat U my Verlosser sal wees.

Ek dank U Here Jesus dat ek glo dat U nou in my hart en in my lewe ingekom het.  En dankie Here Jesus dat U nou my Verlosser en ek U kind is.

As U die gebed gebid het, is dit baie belangrik dat U by ‘n gemeente uitkom van waaraf U verhouding met die Here kan groei.

© Therismos Bedieninge (SA)

# Skrif Verwysings Vir Belydenis Gebed

Handelinge 2:21
Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal verlos word.’ (NLV)

Romeine 10:9
Want as jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy verlos word. (NLV)

© Therismos Bedieninge (SA)